

# DISSIPELSKAP. LES 13

1	GEBED
---	-------

*Bid* vir die leiding van die Gees van God, vir 'n bewuswording van sy teenwoordigheid en vir die luister na sy stem. Wy hierdie les oor dissipelmaking toe aan die Here.

2	AANBIDDING (20 minute) <i>[KENMERK VAN GOD]</i> GOD IS DIE ENIGSTE GOD EN DIE ENIGSTE REDDER
---	---

Definisie

*Lees voor.* Aanbidding is:

- 'n *houding* van ontsag, bewondering, oorgawe en toewyding aan God,
- *uitgedruk* in verskillende vorms van gebed en die daaglikse lewe (jou leefstyl).

Om God te aanbid, moet jy “die God van die Bybel” leer ken.

Daarom staan ons by elke onderdeel van aanbidding stil by één kenmerk (eienskap) van God waarvoor ons Hom aanbid.

Tema: Die GOD van die Bybel is die enigste GOD en die enigste Redder.

Lees die uitleg voor of lê dit in jou eie woorde uit.

**1. Eksodus 20:2 – 3.** God verbied alle mense om enige ander God as net die HERE te hê. Die HERE is die God wat Homself in die Bybel (deur die profete, Jesus Christus en die apostels) geopenbaar het. Hy is die Redder van sonde en van slawerny.

**2. Jesaja 9:6 -7.** God neem die menslike natuur aan in Jesus Christus (vgl. 2 Korintiërs 1:3 “God die Vader van ons Here Jesus Christus” beteken die God wat Homself op 'n unieke manier in Jesus Christus geopenbaar het. Vergelyk daarmee: God wat Homself sigbaar in 'n vlam binne-in 'n doringbos en in die Engel van die Here geopenbaar het (Eksodus 3:2; 19:18)

**3. Jesaja 40:18.** Die HERE is onvergelykbaar! Die gode van die ander godsdienste in die wêreld kan nie met die HERE vergelyk word nie!

**4. Jesaja 42:8.** Die HERE sal die eer wat Hom toekom (sy heerlikheid, sy goddelike eienskappe en teenwoordigheid) aan geen ander (god) gee nie en met geen ander godsdiens deel nie.

**5. Jesaja 43:10b – 11.** Die HERE, die God wat Homself in die Bybel geopenbaar het, is die enigste lewende God. “Voor Hom was daar geen god nie en na Hom sal daar ook nie een wees nie.” Buiten die HERE is daar geen Redder in die heelal nie.

**6. Jesaja 44:6 – 8.** Die HERE is van die begin af tot die einde die enigste God. Buiten Hom het daar geen ander god ooit bestaan nie. Alhoewel daar baie bese geeste was wat daarop aanspraak maak dat hulle gode is, was hulle nog nooit in staat om te openbaar wat in die verlede gebeur het en was nog nooit in staat om te voorspel wat in die toekoms gaan gebeur nie.

**7. Jesaja 45:18 – 21a.** Die HERE is alleen God en “daar is geen ander (god) nie”! Die HERE het nie iewers in die geheim gepraat nie. Intendeel, oor 'n tydperk van 1500 jaar het die HERE dieselfde boodskap deurgegee aan nagenoeg 40 verskillende profete en apostels in verskillende lande en tale! Hy alleen kondig die gebeure van die toekoms aan voordat dit uiteindelik gebeur. Geen ander ‘god’ het dit gedoen nie en kan dit ook nie doen nie!

**8. Jesaja 45:21b – 23.** Die HERE alleen is God. Die sogenaamde ‘gode’ van al die ander godsdienste in die wêreld is nie die God van die Bybel nie! Alleen die HERE is God wat regverdig is en red. Daarom moet al die mense op die aarde hulle tot die God van die Bybel bekeer, sodat hulle gered kan word. Uiteindelik sal elke knie van mense in die geskiedenis gewillig of onwillig voor Hom buig. En elke tong sal met oortuiging of met spyt bely (erken) dat die God wat Homself in Jesus Christus geopenbaar het die enigste ware God is (Filippense 2:9 – 11).

Aanbidding.

Vra elke groep om met één van hierdie Bybelverse God te aanbid as die enigste God en die enigste Redder.

3	DEEL (20 minute) <i>[STILTETYE]</i> JOHANNES 15:1 – 18:27
---	--

**Maak beurte en deel/vertel kortliks (of lees van)** jou aantekeninge wat jy geleer het uit een van jou stiltetye uit die voorgeskrewe Bybelgedeeltes (Johannes 15:1 – 18:27). Luister na die persoon wat deel, neem hom ernstig op en aanvaar hom. Moenie bespreek wat hy deel nie.

In hierdie onderrig gaan jy eers leer om die boodskap van die evangelie te verstaan en daarna leer hoe om dit met 'n ander persoon te deel. Jy sal ook leer hoe om die getuienis van jou eie redding aan 'n ander persoon te vertel

### A. DIE BOODSKAP VAN DIE EVANGELIE

Die boodskap van die evangelie is goeie nuus oor God se plan, die mens se probleem, hoe God die probleem van die mens oplos en die mens se antwoord as hy regtig gered wil word. God se oplossing van die mens se probleem is Jesus Christus. God verwag dat die mens hierop moet reageer deur geloof in Jesus Christus en in wat Hy vir die mens gedoen het. Leer eers om die boodskap van die evangelie te verstaan en dit aan iemand oor te vertel.

#### 1 Die illustrasie van die brug van die lewe.

**Onderrig oefen.** Help studente om die illustrasie van die brug van die lewe te verstaan en te memoriseer. Laat hulle dan twee- twee die evangelie m.b.v. die illustrasie aan mekaar oorvertel.

**Lees** die Bybelgedeeltes een vir een.

**Ontdek en bespreek.** (I) Die waarheid oor GOD. (II) Die waarheid oor die MENS. (III) Die waarheid oor CHRISTUS. (IV) Die waarheid oor REDDING. En (V) Die waarheid oor die NUWE LEWE VAN DIE CHRISTEN.

(I) <u>God se PLAN</u>									
<b>1. Romeine 1:19-20</b> <b>2. 1 Johannes 1:5-6</b> <b>3. 1 Johannes 4:8</b> <b>4. Genesis 1:27</b> <b>5. Jesaja 43:7</b>	God het Homself <u>geopenbaar</u> . Jy kan God ken. God is lig. As jy God wil <u>ken</u> , moet jy in die lig kom. God is liefde. As jy God wil <u>ervaar</u> , moet jy sy liefde ontvang en deurgee. God het jou geskep met dieselfde <u>karakter eienskappe</u> as Hyself, dus sonder sonde. God het jou geskep om <u>vir Hom te leef</u> , nie vir jouself nie.								
<table style="width: 100%; border-collapse: collapse;"> <tr> <td style="width: 25%;"></td> <td style="width: 50%; text-align: center; border: 2px solid black; padding: 10px;">                 SONDE                  Die BRUG na God toe is CHRISTUS             </td> <td style="width: 25%;"></td> </tr> <tr> <td style="width: 25%; text-align: center;">DIE MENS</td> <td style="width: 50%;"></td> <td style="width: 25%; text-align: center;">GOD</td> </tr> </table>					SONDE Die BRUG na God toe is CHRISTUS		DIE MENS		GOD
	SONDE Die BRUG na God toe is CHRISTUS								
DIE MENS		GOD							
(II) <u>Die PROBLEEM van die mens (sy verlore toestand)</u>  <b>6. Jesaja 59:1-2</b> Sonde <u>skei</u> die mens van God. <b>7. Romeine 1:18, 28-32</b> Sonde is goddeloosheid en ongeregtigheid. <b>8. Romeine 6:23</b> Die sonde lei tot <u>die dood</u> . <b>9. Hebreërs 9:27</b> Na die dood kom <u>die oordeel</u> . <b>10. Romeine 3:23</b> Almal het gesondig en <u>mis God se vereiste standaard</u> van geregtigheid.	(III) <u>God se OPLOSSING vir die probleem van die mens is JESUS CHRISTUS en sy verlossingswerk</u>  <b>11. Romeine 5:8</b> God se liefde vir jou word uitgedruk in Christus se sterwe in jou plek ( <u>om versoening te doen</u> vir jou sonde). <b>12. 1 Petrus 2:24</b> Christus het gesterf om jou sondes weg te vat ( <u>om jou te regverdig</u> ). <b>13. 1 Petrus 3:18a</b> Christus het gesterf om jou weer by God te kry ( <u>om jou met God te versoen</u> ). <b>14. Romeine 6:4-5</b> Christus het uit die dood opgestaan om jou nou 'n nuwe lewe te gee ( <u>om jou te heilig</u> ) en jou later ook uit die dood te laat opstaan ( <u>om jou vir ewig te verheerlik</u> ). <b>15. Efesiërs 2:8-9</b> Jou goeie werke kan jou nooit verlos nie!	(IV) <u>God se vereiste ANTWOORD om verlos te word is geloof</u>  <b>16. Johannes 5:24</b> Wie <u>hoor en glo</u> - het (besit al) die ewige lewe! - Hy word nie veroordeel nie - hy het reeds uit die dood na die lewe oorgegaan! <b>17. Johannes 1:10-13</b> Wie Christus <u>aanneem</u> is 'n weergebore kind van God. <b>18. Romeine 10:9-13</b> <u>Glo</u> met jou hart en <u>bely</u> met jou mond deur 'n gebed te bid.  GEBED  Here Jesus Christus, - ek erken dat ek 'n verlore sondaar is. - ek glo met my hart dat U in my plek as straf vir my sondes gesterf het, maar ook opgestaan het om vir my die ewige lewe te gee. - ek roep U nou aan en nou U om in my hart en lewe in te kom en daar te woon. - ek bely met my mond dat U van nou af my Redder en my Here is. In die naam van Jesus Christus, Amen!  BESLUIT  Van nou af <u>luister</u> ek na God se Woord en <u>volg</u> ek Jesus Christus.							
(V) <u>DIE NUWE LEWE VAN DIE CHRISTEN</u>									
<b>19. Johannes 10:27-28</b> - Christus gee my die <u>versekering</u> dat niks en niemand my uit sy hand kan of sal roof nie. <b>20. Johannes 10:7-10</b> - Christus sal my 'n <u>oortloedige nuwe lewe</u> skenk.									

## 2. Die betekenis van moeilike woorde.

- **Om versoening te doen vir jou sonde** beteken dat die soenoffer van Jesus Christus God se heilige en regverdige toorn (woede, gebelgdheid) oor jou sonde wegneem (Romeine 3:25).
- **Om jou te regverdig** is 'n wetlike term en beteken dat jy in God se oë heeltemal regverdig verklaar word. Aan die kruis het Christus *jou ongeregtigheid* op Homself geneem en *sy geregtigheid* vir jou gegee (2 Korintiërs 5:21). As 'n regverdige persoon is al jou sondes nou vergewe en staan jy weer in die regte verhouding met God. Dit gebeur op die oomblik wanneer jy glo. Van daardie oomblik af beskou God jou en behandel Hy jou soos 'n volkome regverdige mens.
- **Om jou te versoen** met God beteken dat God sy vyandige houding (haat of afkeer) (Psalm 5:5-6; Psalm 11:5) teen jou en jou vorige lewensstyl verander. Wanneer jy glo, sluit God vrede met jou en ervaar jy ook volkome vrede in jou hart en lewe met God (Romeine 5:1,9-10; Filippense 4:7).
- **Om jou te heilig** beteken dat die Gees van God jou verander en steeds meer en meer gelykvormig aan Jesus Christus maak (2 Korintiërs 3:18). Dit gebeur gedurende jou hele lewe op hierdie aarde.
- **Om jou te verheerlik** beteken dat wanneer jy sterf God *jou menslike gees (siel)* soos Jesus se menslike gees sal maak (1 Johannes 3:1-3) en *jou menslike liggaam* heeltemal gelyk aan Jesus se menslike liggaam sal maak (Filippense 3:21). Terwyl Jesus Christus ook God is (Johannes 1:1; Romeine 9:5), bly 'n mens altyd 'n mens.

## 3. 'n Korter weergawe van die evangelie.

Leer die groeplede ook die boodskap van die evangelie in 12 Bybelverse. En sien ook handleiding 1, les 3.

### B. GEE DIE EVANGELIE DEUR AAN ANDER


#### 1. Praktiese voorstelle.

(1) Die 'evangelie' is die goeie nuus:

- oor die liefde, genade en koningskap van God
- oor die dood en opstanding van Jesus Christus
- oor vergifnis, verlossing en oorwinning vir elkeen wat glo.

(2) Gee die evangelie altyd deur in vyf punte.

Wanneer jy die evangelie verkondig, uitleë of deurgee, kan jy die volgende vyf stappe in gedagte hou:



(3) Help die persoon om hierdie waarhede self in die Bybel te ontdek.

Laat hy self die Bybelverse lees.

Moedig hom aan om self te ontdek wat daar staan, deur die volgende vrae te vra:

- “Wat sê die Bybelvers oor God?”
- “Wat is die gevolge van die sonde?”
- “Waarom moes Jesus Christus sterf?”
- “Wat moet jy doen om gered te word?”
- “Wat is die verantwoordelikhede en voorregte van 'n Christen?”

As hy 'n waarheid ontdek het en begryp, teken daardie deel van “die brug illustrasie”.

Skryf die Bybelverwysings en sleutelwoorde by die illustrasie neer.

Gee aan die einde vir hom die brug illustrasie om hom aan die goeie nuus te herinner.

(4) Nooi die persoon uit om Jesus Christus aan te neem.

Na die voltooiing van die brug illustrasie, nooi die persoon uit om Jesus Christus as sy Redder (Verlosser) en Here aan te neem (Johannes 1:12-13; Matteus 10:40). As hy dit wil doen, laat hom die bogenoemde gebed bid.

(5) Wees gevoelig vir die werk van die Heilige Gees.

Bid in jou hart terwyl jy die evangelie aan hom vertel. Onthou dat net God die nuwe lewe in sy hart kan bewerk en dat jy alleen 'n dienaar van God is. Wees daarom gevoelig vir wat God besig is om in sy hart en lewe te doen.

## 2. Oefen om die evangelie aan 'n ander te vertel.

Laat die groeplede twee-twee die evangelie in 12 Bybelverse aan mekaar deurgee. Sien handleiding 1, les 3. Laat hulle ook tuis probeer dmv. bogenoemde 20 Bybelverse en dmv. Johannes 10:7-18 of Efesiërs 2:1-10.

## B. VERTEL JOU EIE VERLOSSINGSVERHAAL

Niemand word as 'n Christen gebore nie. Jesus Christus sê dat jy opnuut gebore (wedergebore) moet word (Johannes 3:3-8)!

Maar wanneer en hoe iemand wedergebore word, is by elke mens anders.

Die verhaal hoe jy 'n Christen geword het, word "jou persoonlike getuienis" genoem.

### 1. Die getuienis van die apostel Paulus.

Hoe vertel die apostel Paulus sy verlossingsverhaal?

*Lees* Handeling 26:1-29

Paulus deel sy getuienis in vier dele:

- Die inleiding (Handeling 26:1-3).
- Die periode voor sy bekering (Handeling 26:4-11).
- Sy bekering (Handeling 26:12-18).
- De periode na sy bekering (Handeling 26:19-23).

(1) Die inleiding (Handeling 26:1-3).

Paulus kry 'n geleentheid om te vertel hoe hy 'n Christen geword het.

Hy bou eers aan 'n vriendelike verhouding met sy luisteraars (vers 2-3).

(2) Die periode voor sy bekering (Handeling 26:4-11).

- Paulus praat oor sy agtergrond om sy luisteraars te help om met hom te identifiseer (vers 4-5).
- Paulus noem 'n paar positiewe punte oor sy vorige lewenswyse: sy goeie opleiding, sy godsdienstige ywer en sy opregte bedoelings.
- Paulus vertel ook 'n paar negatiewe punte oor sy vorige lewenswyse: sy vervolging van Christene en sy geweld teen die Christelike Gemeente.
- Paulus praat oor dinge wat sy luisteraars help om met hom te identifiseer. Dit skep 'n aansluiting met hulle belangstellings. Die Fariseërs was byvoorbeeld baie geïnteresseerd in die opstanding uit die dood en die koning was baie geïnteresseerd in die gebruike en twisgesprekke van die Jode. Hierdie dinge skep vrae en ook 'n begeerte na antwoorde by mense.

(3) Sy bekering (Handeling 26:12-18).

- Paulus sê nie, "Ek dink" of "Ek voel", maar beskryf die gebeurtenisse van sy bekering op aanskoulike wyse.
- Paulus sê duidelik dat hy nie God gesoek het nie, maar dat God hom gesoek en gevind het! Hy sê duidelik dat Jesus Christus Homself aan hom geopenbaar het toe sy lewe nog 'n gemors was.
- Paulus haal die woorde wat Jesus met hom gepraat het, letterlik aan. Hy sluit verskeie waarhede van die evangelie in sy getuienis in. Mense moet hulle van die duisternis tot die lig en van die mag van Satan tot God bekeer. Hulle moet in Jesus Christus glo. Deur in Jesus Christus te glo, sal mense se sondes vergewe word en sal hulle deel word van die volk van God (vers 18). Hierdie waarhede help sy luisteraars om in Jesus Christus te glo.

(4) De periode na sy bekering (Handeling 26:19-23).

- Paulus vertel van die belangrikste veranderinge in sy lewe, naamlik dat die groot vervolger van die Christelike Gemeente nou 'n groot prediker en voorvegter van die Christelike Gemeente geword het. Iets uit sy lewe vóór sy bekering is verander ná sy bekering! Sy luisteraars moet hierdie verandering kan sien.
- Paulus gee toe dat hy nog steeds met moeilike omstandighede te doen kry, maar dat God hom hierin help (vers 21-22).
- Paulus gebruik die Bybel as sy bron van gesag (vers 22).
- Paulus sluit nog meer waarhede van die evangelie in sy getuienis in: Jesus Christus het gesterf en weer opgestaan uit de dood. Die goeie nuus is vir alle mense bedoel – beide Jode en nie-Jode (vers 23). Elke mens moet hom bekeer, of anders gestel, sy denke verander en na God toe draai. Mense moet hulle bekering bewys met daade wat by die bekering pas (vers 20).

## 2. Die bespreking wat op sy getuienis volg.

(1) Paulus bly respek betoon selfs as hy beledig word (Handelinge 26:24-25).  
Toe Paulus beledig word, antwoord hy met respek.

(2) Paulus probeer om sy toehoorders te oorreed (Handelinge 26:26-27).  
Hy dreig en dwing hulle nie, maar probeer mense sover kry om volgelinge van Jesus Christus te word.

(3) Paulus daag sy toehoorders uit om 'n keuse te maak (Handelinge 26:28-29).  
Hy daag hulle uit om ook volgelinge van Jesus Christus te word.

## 3. 'n Moontlike getuienis van Timoteus.

**Lees** 1 Timoteus 1:2; 2 Timoteus 1:5; 2 Timoteus 3:10-15.

**Leer.** Soos Timoteus het baie mense gelowiges geword terwyl hulle nog jonk was. Hulle kan waarskynlik self nie eers onthou hoe hulle gelowiges geword het nie, maar hulle weet wel dat hulle volgelinge van Jesus Christus is. Sulke mense sou hulle getuienis as volg kan vertel.

(1) Vertel iets van jou eie agtergrond  
Oor jou Christen oupas en ouma en ouers, jou gemeente en leraar.

(2) Vertel oor Jesus Christus.  
Vertel wat Jesus Christus deur die jare heen vir jou beteken het en hoe Hy jou lewe verander het.

(3) Vertel die belangrikste waarhede van die evangelie soos jy dit nou begryp.  
Sluit minstens één Bybelvers in jou getuienis is.

## 4. Skryf die getuienis van jou verlossing op en oefen om dit aan ander te vertel.

(1) Kies die vorm wat jy vir jou getuienis wil gebruik.

<u>Die vorm van die getuienis van iemand soos Paulus</u>	<u>Die vorm van die getuienis van iemand soos Timoteus</u>
<ul style="list-style-type: none"><li>• Vertel oor jou lewe voor jou bekering</li><li>• Vertel hoe jy tot bekering gekom het</li><li>• Vertel oor jou lewe ná jou bekering (hoe Jesus Christus jou lewe verander het)</li><li>• Sluit die waarhede van die evangelie uit die Bybel in</li></ul>	<ul style="list-style-type: none"><li>• Vertel oor jou agtergrond as kind van gelowige ouers</li><li>• Vertel oor jou verhouding met Jesus Christus nou</li><li>• Vertel hoe Jesus Christus jou lewe verander het</li><li>• Sluit die waarhede van die evangelie uit die Bybel in</li></ul>

(2) Skryf jou getuienis neer en oefen om dit aan ander te vertel.

- Skryf jou getuienis op 'n A5 velletjie (maks. A4) en gebruik een van twee bogenoemde vorms.
- Lees jou getuienis voor aan jou groepleier en vra hom om voorstelle te maak hoe jy dit kan verbeter.
- Memoriseer jou getuienis.
- Vertel jou getuienis in jou dissipelskap groep, kleingroep of huisgemeente.

5	GEBED (8 minute) <i>[REAKSIE]</i> <b>BID IN ANTWOORD OP DIE WOORD VAN GOD</b>
---	--

**Maak beurte** in die groep om **met 'n kort gebed (van een of twee sinne) tot God te bid** in antwoord op wat jy vandag geleer het. Of, verdeel die groep in groepies van twee en drie persone en bid met mekaar vir mekaar (Romeine 15:30; Kolossense 4:12)

6	VOORBEREIDING (2 minute) <i>[OPDRAGTE]</i> <b>VIR DIE VOLGENDE BYEENKOMS</b>
---	---

Deel die voorbereiding vir die volgende keer uit op 'n stukkie papier of laat die groepslede dit uitskryf.

1. **Toewyding.** Wy jou daaraan toe om 'n dissipel te wees en dissipels te maak. Verkondig, leer en bestudeer die studie oor hoe om die evangelie en jou getuienis te vertel met iemand anders of met 'n klein groepie mense.
2. **Persoonlike tyd met God.** Hou elke dag stiltetyd uit ongeveer 'n halwe hoofstuk van Johannes 18:28 – 21:25. Maak gebruik van die gunsteling waarheid metode. Maak aantekeninge.
3. **Bybelstudie.** Berei die volgende Bybelstudie tuis voor. (1) 1 Korintiërs 13:1-13. Die fondament vir alle verhoudings is die christelike liefde. Maak gebruik van die vyf stappe metode. Maak aantekeninge.
4. **Gebed.** Bid vir iemand of iets spesifiek hierdie week en sien met verwagting uit na wat God doen (Psalm 5:4).
5. **Hou jou notas op datum.** Sluit die notas oor aanbidding, stiltetyd, onderrig asook hierdie voorbereiding daarby in.